*Engelbrecht, LK & Williams, T*

# HULPVERLENING AAN DIE SEKSWERKER: GESELLINNE SE PERSPEKTIEF OP DIE WERKLIKHEID

*Mnr LK Engelbrecht is 'n lektor aan die Departement Maatskaplike Werk aan die Hugenote Kollege, Wellington en mnr T Williams was 'n student*

## ABSTRACT

Social work intervention with sex workers requires expert input. Intervention will only be successful if the social worker is familiar with the facts and subculture of sex work. The sex worker will also only be willing to respond to a social worker if she experiences acceptance and feels that the social worker is not trying to influence her choice of career. Research indicates that intervention has to focus on the enhancement of living conditions and the quality of life of a sex worker, rather than on rehabilitation.

## INLEIDING

Daar word soms na prostitusie of alternatiewelik sekswerk as die oudste professie in die wêreld verwys. Dit is egter 'n feit dat die sekswerkindustrie daagliks uitbrei en dat dit 'n baie winsgewende bedryf is. In Suid-Afrika verskil die omvang van sekswerk nie noodwendig van ander lande nie. Daar word beweer dat daar net in Durban alleen nagenoeg 60 bordele/gesellinklubs en 3 000 sekswerkers is en ongeveer 10 000 sekswerkers in Johannesburg. In die suidelike en noordelike voorstede van Kaapstad is daar nagenoeg 20 gesellinklubs en ongeveer 25 tot 30 gesellinklubs in die Kaapse metropolitaanse gebied (Stad en Seepunt). Die gemiddelde gesellinklub akkommodeer ongeveer 10 sekswerkers, terwyl die groter klubs met ledetalle van tussen 20 tot 35 sekswerkers spog. Hierdie getal verwys slegs na die gesellinklubs wat hulle dienste adverteer. Die aanname kan dus met vrymoedigheid gemaak word dat daar veel meer sekswerkers individueel of by ongeregistreerde bordele werksaam is. Dit is egter duidelik dat die sekswerkbedryf nie net uit 'n handjievol onooglike en perverse individue bestaan nie (Gabor 1994:113; Harpur 1995:7; Hoigard & Finstad 1992:40,50; Kapetanakis 1998; Lauer 1992:79; Mensendiek 1995:166; Olsen 1995:85; Potterat *et al.* 1990:242).

Met die huidige debat oor die dekriminalisering van prostitusie in Suid-Afrika word daar veral op drie aspekte gefokus, naamlik dat daar erger sondes as seks vir geld is, dat die polisie hulle eerder op ernstige misdade moet toespits; en dat prostitute (sekswerkers) ook menseregte het. Dit blyk dat die polisie wel minder aandag aan die inhegtenisneming van sekswerkers skenk, aangesien die polisiestatistiek van die Wes-Kaap byvoorbeeld 'n duidelike afname in sekswerkverwante arrestasies toon. Gedurende 1996 is 368 sekswerkers gerapporteer, terwyl slegs 204 gedurende 1997 gerapporteer is (Provinsiale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisiediens 1996/1997).

Na aanleiding van bogenoemde statistiek, die relevansie daarvan vir die Suid-Afrikaanse konteks, die teenswoordige debatte (Milton 1994:136; Swart in Rapport, 9 November 1997:6) en die groot belangstelling in en kommersialisering van sekswerk (Davis & Stasz 1990:237), behoort die logiese gevolgtrekking te wees dat daar al heelwat resente maatskaplikewerk-navorsing vanuit 'n maatskaplikewerk-perspektief oor prostitusie/sekswerk as verskynsel gedoen is. Die teendeel is egter dat daar min Suid-Afrikaanse navorsingsresultate in maatskaplike werk met betrekking tot sekswerk (Visser 1985:1-2, 7-8). 'n Moontlike rede vir hierdie tendens is dat



CamScanner

maatskaplike werkers 'n onvermoë ervaar om toereikende dienste aan dié kliëntsisteem te lewer, as gevolg van onkunde oor die sekswerkkultuur en 'n diepgewortelde morele afkeur aan hierdie bedryf (Davis & Stasz 1990:59; Harpur 1995:3; Milton 1994:136; Pheterson 1990:403).

Om hierdie rede is 'n verkennende studie volgens Rubin en Babbie (1993:107) onderneem om die aard van maatskaplikewerk-hulpverlening aan die sekswerker te verken. 'n Doelbewuste steekproef van twintig sekswerkers in die Wes-Kaap en Bloemfontein is aan die hand van Grinnell en Williams (1990:133) gedoen. Daar is op hierdie strategie besluit omdat die navorsers meer daarin geïnteresseerd was dat die proefstuk elemente insluit wat direk verband hou met die verskynsel as met die verteenwoordigheid van die populasie. Dit het dus behels dat sekswerkers wat beskikbaar was en daartoe ingestem het, as respondente geselekteer kon word. Daar is van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak. Aan die hand van Bless en Higson-Smith (1995:107) is 'n vooraf vasgestelde vraelys met 'n vaste orde en indikasies oor die beantwoording daarvan gebruik. Die vraelyste is in 'n onderhoud gedurende Augustus en September 1998 presies so aan die respondente voorgehou om beïnvloeding deur die onderhoudvoerder te minimaliseer. 'n Belangrike rede vir die gebruik van die onderhoudskedule in hierdie ondersoek was die waarskynlikheid dat die betrokke sekswerkers ongeletterd mag wees of dat hulle in hul eie privaatheid die vraelyste nie met die nodige erns mag bejeën nie. Hierdie navorsing is spesifiek afgebaken tot gesellinne in die Wes-Kaap en Bloemfontein omdat hulle makliker bereikbaar en beskikbaar vir die doeleindes van hierdie navorsing was. Die ondersoek is gefundeer vanuit primêre en sekondêre literatuurbronne, persoonlike onderhoude met outoriteite in die sekswerkbedryf, koerantartikels en televisieprogramme.

## IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN DIE RESPONDENTE

Die twintig respondente is almal vroulike sekswerkers wat as gesellinne by gesellinklubs werksaam is. Die meeste respondente naamlik sewe (35%), wat in 'n bepaalde ouderdomskategorie val, is een en twintig tot vyf en twintig jaar oud. Dit stem ooreen met die navorsing van Potterat *et al.* (1990:236) en Visser (1985:22-23) onder prostitute in Kaapstad. Volgens hulle is die meerderheid sekswerkers adolessente of vroeë volwassenes. Vanuit terugvoering wat die respondente met betrekking tot hulle ouderdomme gegee het, is ook vasgestel dat die jongste respondent tydens die voer van die onderhoude agtien jaar oud was. Die oudste respondent was tussen vyf en dertig en veertig jaar oud. Agt (40%) respondente was ten tye van die ondersoek reeds vir twee tot vyf jaar as sekswerkers bedrywig, terwyl agt respondente minder as twee jaar en vier (20%) respondente tussen vyf en tien jaar sekswerker is. Die meerderheid (55%) respondente was nog nooit getroud nie, terwyl 30% van die respondente geskei of vervreem van hulle eggenotes is. Slegs drie (15%) van die respondente is getroud of is by 'n saamleefverhouding betrokke. Elf (55%) respondente het kinders.

## OMSKRYWING VAN SEKSWERK

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar van die begrippe sekswerk en sekswerker gebruik gemaak. Dit is in ooreenstemming met die wyse waarop die sekswerkersorganisasie SWEAT (Sex Worker Education and Advocacy Taskforce) en sekswerkers na hulle self verwys (Kapetanakis 1998; Pauw 1995).

Sekswerk word deur verskillende outeurs verskillend omskryf. Baie van hierdie definisies is debatteerbaar. In die meeste omskrywings van sekswerk is elemente van geslag, seksuele aktiwiteite, ruilhandel, tydelikheid, promiskuïteit, emosionele onverskilligheid en die gereeldheid van seksuele handelinge vervat (Davis & Stasz 1990:235; Lauer 1992:78; Järvinen 1993:24; Olsen 1995:85; Potterat *et al.* 1990:235; Shrage 1994:121; Thio 1988:192). Met

verwysing na bogenoemde eienskappe noem Järvinen (1993:26) dat dit gesien moet word as veranderlike eienskappe wat sekswerk van ander tipe seksuele verhoudinge onderskei (figuur 1).

**FIGUUR 1**
**EIENSKAPPE WAT SEKSWERK VAN ANDER TIPE SEKSUELE KONTAK ONDERSKEI** (aangepas uit Järvinen 1993:26)

| **NIE-SEKSWERKVERBINTENISSE** | | | | **SEKSWERKVERBINTENISSE** |
|---|---|---|---|---|
| Laag | < | Kommersialisering | < | Hoog |
| Laag | < | Aantal verbintenisse | < | Hoog |
| Hoog | > | Eksklusiwiteit | > | Laag |
| Hoog | > | Langtermynverhouding | > | Laag |
| Hoog | > | Emosionaliteit | > | Laag |

Samevattend kan 'n sekswerker dus omskryf word as 'n individu wat 'n deeltydse of voltydse bestaan daarvan maak om op 'n promiskue basis met ander persone aan aktiwiteite (seksueel of nie-seksueel) deel te neem wat vir die kliënt seksuele betekenis het. Daar is ook wedersydse ooreenstemming dat die sekswerker vir hierdie aktiwiteite vergoed sal word ongeag waar, wanneer en hoe dit plaasvind. Emosionele onbetrokkenheid word as 'n voorvereiste gestel en die persoon ervaar en defineer haarself as 'n sekswerker.

## OMSKRYWING VAN 'N GESELLINKLUB

Volgens die Wet op Besighede van 1991 word gesellinklubs of metgeselklubs as 'n besigheid wat sekere tipes gesondheidsfasiliteite of vermaaklikhede aan die publiek voorsien, beskou. In die geval van 'n gesellin- of metgeselklub spesifiseer die wet (Subitem 1) dat die dienste van 'n metgesel, hetsy manlik of vroulik, aan iemand anders beskikbaar gestel word. Dieselfde wet is ook van toepassing op masseursalonne, met die verskil dat daar gespesifiseer word dat daar masseur- of infrarooibehandeling verskaf word (Wet op Besighede 1991).

Die mening word egter deur Eienaar A (1998), Gabor (1994:29), Olsen (1995:87, 89) en Thio (1988:199) gehandhaaf dat gesellinklubs niks anders as "bordele onder 'n dekmantel" is nie. Gesellinklubs word anders as bordele as wettig beskou omdat hierdie besighede die dienste van 'n metgesel aan kliënte bied en nie seksuele aktiwiteite verkoop nie. Enige iets wat verder tussen die kliënt en die gesellin gebeur, word oor die boeg gegooi van "vrywillige instemming tussen beide volwassenes" (Eienaar B 1998).

## TIPES SEKSWERKERS

Alhoewel daar volgens Thio (1988:195) reeds nagenoeg 18 verskillende tipologieë van sekswerkers reeds gekonstrueer is, is daar vir die doeleindes van hierdie ondersoek met die uiteensetting van Järvinen (1993:30-31) volstaan. Daar word tussen vier tipes sekswerkers onderskei op grond van twee veranderlikes, naamlik eksklusiwiteit en organisatoriese affiliasie.

- *Die nie-eksklusiewe, onafhanklike sekswerker* lok kliënte vanaf die straat, kroeë, hotelle en klubs. Sy doen sake met enige kliënt wat bereid is om te betaal (Lauer 1992:78).



CamScanner

- *Die eksklusiewe, onafhanklike sekswerker* sluit die sogenaamde hoëklaswerker in wat onafhanklik te werk gaan en hul seksuele dienste tot 'n eksklusiewe kliëntetal beperk.
- *Die nie-eksklusiewe, organisatoriese, geaffilieerde sekswerker* is tradisioneel kenmerkend van die medium- en laerklasbordeelbewoner en gesellinklubs. Die meeste sekswerkers ressorteer in hierdie kategorie (Gabor 1994:29; Overall 1992:709). Om hierdie rede is die betrokke ondersoek ook tot hierdie tipe sekswerker beperk.
- *Die eksklusiewe, organisatoriese, geaffilieerde sekswerker* is 'n ongewone tipe sekswerk en word aangetref in hoëstatusbordele en sekere gesellinklubs aangetref, waar na die seksuele behoeftes van welgestelde mans omgesien word.

## MITES IN VERBAND MET SEKSWERKERS

Alvorens die gesellin bespreek kan word, is dit nodig om enige onwaarhede of mites wat rondom hierdie verskynsel bestaan, uit die weg te ruim. Dit word gedoen aan die hand van Olsen (1995:86-87) en Thio (1988:193-195).

### Mite 1: Sekswerkers het 'n onblusbare behoefte aan seks

Dit is 'n mite dat sekswerkers hulle beroep beoefen vanweë 'n onblusbare behoefte aan seksuele omgang met 'n verskeidenheid bedmaats. Hierdie mite is slegs 'n manlike fantasie omdat die meeste sekswerkers hul vanweë die aard van hul werk hulself afsny van hul seksuele ervaringe met kliënte en by uitsondering genot by ekonomiese gewin voeg. Die meeste (90%) van die respondente in hierdie ondersoek het hierdie mite ontken en daarmee Thio (1988:193) en Hoigard en Finstad (1992:64) se bevindinge bevestig.

### Mite 2: Sekswerk word as gevolg van dwelmverslawing beoefen

Die beoefening van sekswerk om dwelmverslawing te voed, blyk 'n opgeblase saak te wees (Kapetanakis 1998). Slegs 'n klein persentasie van die sekswerkerspopulasie is dwelmafhanklik en slegs 'n klein groep vroue van hierdie persentasie beoefen die beroep om hulle afhanklikheid te rugsteun (Thio 1988:194). Al die respondente was van mening dat sekswerk nie gewoonlik as gevolg van dwelmverslawing beoefen word nie.

### Mite 3: Sekswerkers is hard en hardvogtig of sag en vroulik

Uit die ondersoek blyk dit dat die meeste (85%) respondente van mening is dat sekswerkers emosioneel onbetrokke teenoor kliënte is. Dit bevestig Pauw (1995:54) en Thio (1988:194) se aanname oor emosionele neutraliteit by sekswerkers en weerlê Järvinen (1993:26) se mening dat die meerderheid van sekswerkers negatiewe gevoelens teenoor hulle kliënte koester.

### Mite 4: Sekswerkers ervaar hulle bedryf negatief

Die mening dat sekswerkers hul bedryf uiters negatief ervaar en spyt is oor hulle keuse, is onwaar. Die helfte van die respondente stem saam met Hoigard en Finstad (1992:173) dat sekswerkers hulle werk oor die algemeen positief beleef. Die res van die respondente het aangedui dat hulle hul werk slegs soms negatief beleef.

### Mite 5: Sekswerkers is seksueel koud teenoor almal

Anders as die kliniese beeld dat sekswerkers seksueel koud (nonresponsief) is, wys Savitz en Rosen (1988:206) daarop dat sekswerkers seksueel responsief (in staat tot orgasmes) met vriende en eggenotes in hulle private lewe is. Die ondersoek bevestig Savitz en Rosen (1988) se bevindinge, deurdat die meeste (85%) respondente hierdie feit bevestig het.



CamScanner

### Mite 6: Sekswerkers is meer vrugbaar

Die populêre siening dat sekswerkers meer vrugbaar as ander vroue is, word deur navorsing weerlê (Thio 1988:194). Al die respondente het ook saamgestem dat hierdie siening 'n mite is.

### Mite 7: Sekswerk is onversoenbaar met religie en geloof

Dit is onwaar dat sekswerk onversoenbaar met religie, geloof en kerkbywoning is (Thio 1988:194-195). Die helfte van die respondente het hierdie stelling bevestig. Die rede vir hierdie meningsverskil blyk toegeskryf te word aan die verskil in hulle wêreld- en lewensbeskouinge.

### Mite 8: Sekswerkers is homoseksueel

Nog 'n miskonsep is dat sekswerkers homoseksueel of moeg van geslagsomgang met mans is. Dit word nie deur navorsingsresultate ondersteun nie, aangesien meer as die helfte van die respondente in Gebhard (in Thio 1988:195) se ondersoek getoon het dat hulle nog nooit enige homoseksuele ervaringe gehad het nie. Al die respondente in hierdie ondersoek het ook ontken dat hulle of ander sekswerkers gewoonlik homoseksueel is.

### Mite 9: Sekswerk word nie uit vrye wil gedoen nie

Die meeste (80%) respondente het aangetoon dat sekswerk gewoonlik uit eie vrye wil gedoen word. Dit bevestig Thio (1988:195), Olsen (1995:90) en Swart (Rapport 29 Maart 1998:32) se menings dat geforseerde deelname aan sekswerk nie so dikwels voorkom soos die media en publiek dit laat blyk nie. Wat hierdie respons egter kompliseer, is die feit dat repondente wat primêr deur hulle biopsigologiese behoeftes tot sekswerk gedwing is, kon aandui dat hulle nie uit vrye wil sekswerk beoefen nie.

## INSTANDHOUDENDE FAKTORE VAN SEKSWERK

Vroue wat 'n selfgedefinieerde aangetrokkendheid het tot beroepe wat seksuele kontak fasiliteer, word gewoonlik deur 'n "insider" gewerf wat hulle in die beroep inlyf. Hierdie "insider" is gewoonlik 'n medesekswerker, bordeel- of gesellinklubeienaar of mansvriend wat die binnewêreld van dié subkultuur ken. Die sekswerker se toetrede tot die werk is dus onbepland, ondersteunend of 'n versoek (Hoigard & Finstad 1992:18). Veertien (70%) respondente in hierdie ondersoek het aangedui dat hulle 'n onbeplande toetrede tot die bedryf gemaak het en slegs ses (30%) is ondersteunend by die bedryf ingelyf.

Onmiddellik na die aanvang van haar werk, word die sekswerker gekonfronteer met interne krisisse, wat veroorsaak word deur haar oortreding van geïnternaliseerde norme en waardes. Indien hierdie gevoelens van skuld, skaamte en selfveroordeling en haar vooroordele ten opsigte van die beroep nie oorbrug word nie, sal die sekswerker haar beroepslewe (sekswerk) spoedig staak (Hoigard & Finstad 1992:18). Die meeste respondente (80%) in hierdie ondersoek het aangedui dat hulle gevoelens van skuld, skaamte en selfveroordeling ervaar het. Dit het daartoe gelei dat die sekswerkers 'n verskeidenheid verdedigingsmeganismes in werking moes stel.

Hierdie verdedigingsmeganismes help die sekswerker om nie emosioneel betrokke by die kliënt te raak nie; situasies wat tot emosionele betrokkenheid kan lei, te vermy; en om 'n definitiewe skeiding tussen haar publieke en private self te maak. Die sekswerker oorleef verder deur sekere liggaamsdele, seksposisies en aktiwiteite as eksklusief te ag, ten einde haar private self te bly handhaaf (Hoigard & Finstad 1992:122-123, 184-185; Pauw 1995:63). Seks word dus as 'n verhandelbare aktiwiteit geherdefinieer, waarvan die verkryging van geld die einddoel is. "The vagina is rented out, but nothing more" en "It's not me he's fucking" is dus spreekwoordelik die bewys van hierdie onderliggende verdedigingsmeganismes (Hoigard & Finstad 1992:18, 63-64,



CamScanner

184-185; Sammy in Fokus met Freek Robinson 19 November 1997). Bykans al die respondente (90%) in hierdie ondersoek het aangetoon dat hulle en ander sekswerkers seks herdefineer en van bogenoemde verdedigingsmeganismes gebruik maak.

Buiten die genoemde verdedigingsmeganismes bestaan daar ook ander faktore wat sekswerk se voortbestaan verseker, soos dat ander werk nie moontlik is nie, die aanvaarding van die sekswerker as persoon binne die sekswerksubkultuur, sekswerknetwerke en verhoudings, en die invloed wat die sekswerker se identiteit as prostituut op haarself het. Die sekswerker kan ook beleef dat sy groot opgang in haar bedryf maak. 'n Omgewing soos 'n gesellinklub bied nie net aan die sekswerker stabiliteit, beskerming en sekuriteit nie, maar oefen ook 'n interne sosiale kontrole uit. Dit konkretiseer in die vorm van reëls, byvoorbeeld dat sekswerkers nie ander werkers se kliënte afrokkel nie; dat sekswerkers nie minder as 'n minimum prys vir hulle dienste vra nie; dat hulle onpersoonlik met kliënte sal bly; en dat hulle mekaar sal waarsku teen moontlike gevare waarvan hulle bewus mag raak (Davis & Stasz 1990:42-46; Hoigard & Finstad 1992:122-123; Pheterson 1990:399; Savin-Williams 1994:265). Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat die meeste (70%) respondente ten volle in die sekswerksubkultuur aanvaar word en dat aanvaarding ook een van die redes is waarom hulle nog steeds met die bedryf voortgaan.

Nog 'n faktor wat tot die instandhouding van sekswerk aanleiding gee, is die vaardighede wat die sekswerkers binne hulle omgewing aanleer om te oorleef en wat die beoefening van die werk vergemaklik. Hierdie vaardighede sluit onder meer die volgende in: die vermoë om hulleself aan kliënte te "verkoop"; die vermoë om te verseker dat die kliënt gelukkig met die dienste is en gevolglik weer sal terugkeer; die vermoë om orgasmes te simuleer; die vermoë om hulleself teen aggressiewe kliënte te verdedig; die vermoë om die polisie te vermy; en die vermoë om hulleself te versorg en teen geslagsiektes en ongewenste swangerskappe te beskerm (Davis & Stasz 1990:236; Hoigard & Finstad 1992:18, 63-64, 74; Thio 1988:202). Al die respondente in hierdie ondersoek het getoon dat hulle bogenoemde vaardighede moes aanleer en dat hierdie vaardighede natuurlike instandhoudende meganismes is wat daartoe bydra dat hulle met die bedryf van sekswerk kan voortgaan.

## HOUDING VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER MET BETREKKING TOT SEKSWERK

Maatskaplike werkers handhaaf dikwels die houding dat die sekswerker se leefwêreld gerig word deur norme en waardes wat strydig is met dit wat deur die samelewing en die maatskaplikewerk-professie as kuis, moreel reg, opbouend en konformerend bestempel word (Harpur 1995:1; Pheterson 1990:398,400-401). Dit is moontlik die gevolg daarvan dat maatskaplike werk in Suid-Afrika vanuit die kerk ontwikkel het. Aanvanklik is Christelike waardes en norme as die fundamentele grondslag van die professie aanvaar en is maatskaplike werkers daarvolgens opgelei. Tans word maatskaplike werkers egter gekonfronteer met veranderende sosiale waardes wat byvoorbeeld vergestalt word in die moontlikheid van dekriminalisering van prostitusie. Dit is gevolglik noodsaaklik vir die maatskaplike werker om in hulpverlening bedag te wees op benaderings wat fundamenteel vanuit 'n bepaalde religieuse kring spruit (Midgley & Sanzenbach 1989:273).

Dit bring mee dat maatskaplike werkers soms veroordelend teenoor sekswerk kan staan en onbewustelik negatief teenoor sekswerkers kan wees. Die maatskaplike werker word in sulke gevalle byvoorbeeld gesien as die persoon wat aanvaarding en nie-veroordeling van die individu propageer, maar terselfdertyd die sekswerker se kinders verwyder. By bewuswording hiervan reageer die sekswerker met 'n intense weerstand teenoor die maatskaplike werker, onttrek sy van hulpverlening indien sy daarby betrokke is en ervaar sy die maatskaplikewerk-professie as



CamScanner

simbolies van die veroordelende samelewing. Hulpverlening word dus baie maal net deur die sekswerker aanvaar en benut indien sy werklike konkrete ontberings wat deur hulpverlening aangespreek kan word, beleef (Visser 1985:69-73). Indien die maatskaplike werker dus die sekswerker beleef as "hoer" (Davis & Stasz 1990:347; Pheterson 1990:397) wat gerehabiliteer moet word, sal 'n vertrouensverhouding wat die basis vir hulpverlening is, nie gevestig word nie. Die doelbewuste uitlewing van basiese waardes teenoor die sekswerker as individu is dus nodig.

Elf (55%) van die respondente het in hierdie ondersoek getoon dat hulle voorheen met maatskaplike werkers te doen gekry het. Meer as die helfte (55%) van hierdie respondente het beleef dat die maatskaplike werker 'n negatiewe houding teenoor hulle geopenbaar het. Vir bykans al die respondente (80%) verdien individuele respek die hoogste prioriteit. Hierdie betrokke respondente het ook bygevoeg dat hulle 'n behoefte het aan meelewende empatie, erkenning van hulle perspektiewe ("Julle moet die meisies se punt insien"), gunning van eiewaarde in hul situasie en aanvaarding as persoon in eie reg ("ten spyte van wie en wat ek is").

## DIE BENADERINGS VAN MAATSKAPLIKEWERK-HULPVERLENING MET BETREKKING TOT SEKSWERK

Maatskaplikewerk-hulpverlening met betrekking tot sekswerk was tot dusver hoofsaaklik regs- en mediesgeoriënteerd. Die wye verspreiding en kultuurverskille van sekswerk dra by tot die gekompliseerdheid van hulpverlening aan sekswerkers (Lauer 1992:85). Pauw (1995:16) noem ook dat die bestaande navorsingstudies oor hulpverlening aan sekswerkers beperkte informasie bevat in verband met die doel, inhoud en proses van intervensie met sekswerkers. Dit maak dit dus moeilik om die effektiwiteit van intervensieprogramme wat tot dusver gebruik is, te evalueer en uit ander outeurs se werk te leer. Twee hoofbenaderings word wêreldwyd met betrekking tot hulpverlening aan sekswerkers gevolg, naamlik die hervormingsgesentreerde benadering en die erkenning van die sekswerkberoep. Hierdie twee benaderings word vervolgens bespreek.

### Die hervormingsgesentreerde benadering

Outeurs van 'n dekade gelede soos Rip en Bezuidenhout (1984:11-13) en Visser (1985:12,70) tipeer sekswerk as 'n maatskaplik-patologiese verskynsel, omdat sekswerkers nie ooreenkomstig die geïnstitusionaliseerde verwagtinge van die gemeenskap optree nie. Die fokus by hierdie benadering is om sekswerk as probleem te beheer en sekswerkers te rehabiliteer. Hierdie hervormingsgesentreerde wyse van maatskaplikewerk-hulpverlening het die verandering van die sekswerker se leefwyse ten doel. Deur rehabilitering word daar sterk gefokus op motivering tot verandering.

Volgens Overall (1992:705-706) verkies sekswerkers juis nie hulp wat poog om hulle van leefwyse of beroep (sekswerk) te laat verander nie. Hulle verwerp eerder hulpverlening wat hulle van beroep wil laat verander en soek respek en erkenning vir hulle bedryf. Visser (1985:144) se navorsing toon byvoorbeeld dat 53,8% van haar respondente (sekswerkers) hulle dogters ook sal aanmoedig om sekswerk te beoefen. In hierdie ondersoek het 75% van die respondente sonder twyfel genoem dat hulle nie nou van leefwyse wil verander nie. Hierdie mening word reeds in 1925 deur Queen en Mann (1925:191) bevestig wanneer die outeurs noem dat die mees verstandige optrede met betrekking tot die rehabilitasie van sekswerkers juis is om hulle as gemeenskapsinstelling en normale element van die sosiale orde te aanvaar. Dit blyk dat hierdie siening min gedurende die afgelope eeu verander het, aangesien hierdie ondersoek toon dat 90% van die respondente positief oor sekswerk as 'n gemeenskapsinstelling voel. Die hervormingsbenadering sal dus min uitrig in die moderne, meedoënlose, kapitalistiese samelewing.



CamScanner

Visser (1985:69-72) toon in haar ondersoek dat sekswerkers soms vroue is wat ligsinnig is ten opsigte van enige vorm van hulpverlening vanuit die "establishment". Hierdie intense sinisme en weerstand wat proefbeamptes ervaar wanneer hulle toesig hou oor sekswerkers, is moontlik toe te skryf aan 'n geskiedenis van ervaringe waar sekswerkers maatskaplike werkers beleef as mense wat hulle lewens wil manipuleer of verander. Dit is dan ook nie vreemd dat sekswerkers hierdie vorm van hulpverlening reeds tydens die aanvangstadium verwerp nie.

**Erkenning van sekswerk as beroep**

Pauw (1995:15) motiveer die rede waarom sekswerkers 'n moeilik bereikbare groep is, deur te wys op die stigmatisering van die bedryf en die verwerping deur die gemeenskap. Dit blyk volgens Gabor (1994:114-115), Kapetanakis (1998) en Overall (1992:724) dat hulpverlening nie moet bydra tot die konflik en skuld wat deur sekswerkers ervaar word nie, aangesien dit slegs tot onttrekking, ontkenning en gebrek aan samewerking lei. Sekswerk behoort ook nie gesien te word as 'n rebelse handeling teenoor die bestaande orde nie, maar eerder as 'n poging om ekonomies te oorleef. Dit is dus volgens bogenoemde outeurs belangrik om sekswerk as 'n beroep te erken. In hierdie ondersoek het 75% van die respondente sterk daaroor gevoel, indien hulpverlening van enige aard aan die sekswerker beoog word, dat sekswerk as beroep erken moet word.

Indien sekswerk as 'n volwaardige beroep erken word, word daar ook veronderstel dat sekswerkers 'n noodsaaklike diens aan die gemeenskap lewer. In hierdie ondersoek het 85% van die respondente met hierdie stelling saamgestem. Dit word gegrond op die aanname dat sekswerk 'n diens lewer aan seksueel gefrustreerde mans, sonder dat daar enige emosionele bande gesmee word. Op hierdie wyse word die mans (kliënte) se ander verhoudings ook beskerm (Pauw 1995:64). Downes en Rock (1995:102) en Overall (1992:718) argumenteer selfs dat sekswerkers terapeutiese werk doen, deurdat hulle individue wat op geen ander wyse seksuele vervulling kan ervaar nie, help. So dien sekswerk byvoorbeeld as 'n veiligheidsklep vir potensiële seksuele aggressie en is dit ook 'n vorm van vermaaklikheid.

Die klem van hierdie benadering is gevolglik nie om sekswerkers te red, te bekeer of te rehabiliteer nie, maar om hulle bedryf te beveilig (Overall 1992:723-724; Pauw 1995:64). Ook die respondente in hierdie ondersoek verlang almal eerder beroepsbeveiligende hulpverleningsprogramme. Carovano (1991:137) bevestig hierdie behoefte en noem samevattend dat hierdie benadering die sekswerkers van die nodige inligting en gereedskap wat nodig is om hulleself te beskerm of ten minste 'n beter kans te gee om dit te doen, voorsien. Alle ander benaderings is volgens Carovano (1991) óf onrealisties, óf blameer sekswerkers, óf misken sekswerkers totaal en fokus op die beskerming van die manlike kliënt.

## DIE SPESIFIEKE AARD VAN HULPVERLENING AAN DIE SEKSWERKER

Die respondente is in hierdie ondersoek gevra om aan te dui of hulle hulp van enige aard verlang. Slegs 10% van die respondente het geen hulp van enige aard verlang nie. Die respondente het ook aangedui dat die spesifieke aard van hulpverlening die volgende areas behoort in te sluit:

- Om behulpsaam te wees in die vind van eksistensiële waarde (byvoorbeeld oor vrae soos die sin van die lewe, dood en toekoms) en berading vir die hantering van lewenseise.
- Om basiese selfverdedigingstegnieke aan te leer.
- Om die noodsaaklikheid vir die gebruik van kondome te beklemtoon ten einde ongewenste swangerskappe, geslagsiektes en vigs te voorkom.



CamScanner

- Om ondersteun te word om eie finansies effektief te bestuur.
- Om direktiewe kennis en inligting te ontvang oor "oorlewing" binne die sekswerksubkultuur, ten einde 'n voornemende sekswerker in staat te stel om 'n ingeligte keuse by toetrede tot die seksbedryf te maak.
- Om ondersteuning te bied met betrekking tot die dekriminalisering en wettiging van sekswerk, sodat beheerde werksomstandighede en beter beveiliging en beskerming van die sekswerker bewerkstellig kan word en sodat nie-eksklusiewe, onafhanklike sekswerkers verplig kan word om aan gelisensieerde bordele en/of gesellinklubs te behoort. Verdere ondersteuning in hierdie verband kan daartoe aanleiding gee dat werknemersooreenkomste met werkgewers (bordeel- en gesellinklubeienaars) aangegaan word wat sekswerkers vaste aanstellings kan gee sodat hulle daarvolgens belas kan word en kredietwaardigheid kan opbou om byvoorbeeld versekering en huurkope op 'n wettige basis te kan aangaan.

## SAMEVATTING

Uit die voorafgaande uiteensetting is dit duidelik dat sekswerk die afgelope eeue 'n beduidende rol in samelewings gespeel het en dat dit ook dieselfde in die toekoms gaan wees. Dit kan dus nie ontken word dat hulpverlening van enige aard gespesialiseerde insette verg nie. Maatskaplike werkers en organisasies sal hulle ten opsigte van hierdie aspek moet posisioneer. Hulpverlening sal ook net toepaslik wees indien die hulpverlener bekend is met die feite oor sekswerk en die sekswerksubkultuur. Dit behels ook dat die basiese waardes van maatskaplike werk, soos individualisering en 'n nie-veroordelende houding, sterk tydens hulpverlening uitgeleef moet word. Dit is duidelik dat die sekswerker slegs hulp sal aanvaar indien sy aanvaarding beleef van die hulpverlener wat nie net daarop ingestel is om haar van beroep te laat verander nie. Die maatskaplike werker moet dus duidelikheid vir hom-/haarself verkry oor die erkenning van sekswerk as 'n beroep en gemeenskapsinstelling. Dit het veral tydens hierdie ondersoek geblyk dat die aard van hulpverlening nie soseer op rehabilitasie behoort te fokus nie, maar wel eerder op die verbetering van die sekswerker se lewensomstandighede en -kwaliteit.

## BIBILIOGRAFIE

BLESS, C & HIGSON-SMITH, C 1995. **Fundamentals in social research methods: An African perspective.** (2de uitgawe) Kenwyn: Juta & Co Ltd.

CAROVANO, K 1991. More than mothers and whores: redefining the Aids prevention needs of woman. **International Journal of Health Services,** 21(1):131-142.

DAVIS, NJ & STASZ, C 1990. **Social control of deviance: A critical perspective.** New York: McGraw-Hill Publishing Company.

DOWNES, D & ROCK, P 1995. **Understanding deviance.** (2de uitgawe) Oxford: Clarendon Press.

EIENAAR, A 1998. 'n Gesellinklubeienaar in die Wes-Kaap. Persoonlike onderhoud met T Williams te Paarl.

EIENAAR, B 1998. 'n Gesellinklubeienaar in Bloemfontein. Persoonlike onderhoud met T Williams te Bloemfontein.

GABOR, T 1994. **Everybody does it!: Crime by public.** Toronto: University of Toronto Press.

GRINNELL, RM & WILLIAMS, M 1990. **Reseach in social work: A primer**. Illinios: Peacock Publishers, Inc.



CamScanner

HARPUR, C 1995. **Prostitusion and criminality.** Claremont: Mallard Publishers.

HOIGARD, C & FINSTAD, L 1992. **Backstreets: Prostitution, money and love.** Cambridge UK: Polity Press.

JäRVINEN, M 1993. **Of vice and woman: Shades of prostitution.** Norway: Scandinavian University Press.

KAPETANAKIS, V 1998. Social Worker and Indoor Programmes Co-ordinator of Sex Worker Education and Advocacy Taskforce (SWEAT). Persoonlike onderhoud met T Williams te Soutrivier.

LAUER, RH 1992. **Social problems and the quality of life.** (5de uitgawe) USA: Brown Publishers.

MENSENDIEK, M 1995. Woman, migration and prostitusion in Thailand. **International Social Work,** 40(2):163-175.

MIDGLEY, J & SANZENBACH, P 1989. Social work, religion and the global challenge of fundamentalism. **International Social Work,** 32(4):273-285.

MILTON, J 1994. Prostitution: current debates. **In:** JAGWANTH, S; SCHWIKKASD, PJ & GRANT, B. **Woman and the law.** Pretoria: HSRC Publishers.

OLSEN, KE 1995. **Questions answered on prostitution.** Kranskop: Khanya Press.

OVERALL, C 1992. What's wrong with prostitution? Evaluating sex work. **Signs,** 17(4):705-724.

PAUW, IJ 1995. Sex worker's perceptions of AIDS and safer sex. Bellville: Universiteit van Wes-Kaap (M tesis).

PHETERSON, G 1990. The category "prostitute" in scientific inquiry. **The Journal of Sex Research,** 27(3):397-404.

POTTERAT, JJ; WOODHOUSE, DE; MUTH, JB & MUTH, SQ 1990. Estimating the prevalence and career longevity of prostitute women. **The Journal of Sex Research,** 27(2):233-243.

Provinsiale Kommissaris van die Suid Afrikaanse Polisiediens, 1996/1997. Statistics: Prostitution in the Western Cape. Inligtingstuk insake statistiese data in verband met die omvang van prostitusie in die Wes Kaap. SAPD Kommunikasiediens.

QUEEN, SA & MANN, DB 1925. **Social Pathology.** New York: Thomas Y Crowell Company.

RIP, CM & BEZUIDENHOUT, FJ. 1984. **Contemporary social pathology.** Pretoria: Academica.

RUBEN, A & BABBIE, E 1993. **Research methods for social work.** California: Wadsworth.

SAMMY, 1997. Sekswerker in Johannesburg. **In:** Fokus met Freek Robinson. Aangebied deur F Robinson, 19 Nobember 1997, SABC 2, 21:30-22:00.

SAVIN-WILLIAMS, RC 1994. Verbal and physical abuse as stressors in the lives of lesbian, gay male, and bisexual youths: Asossiations with school problems, running away, substance abuse, prostitusion an suicide. **Journal of Consulting and Clinical Psychology,** 62(2):261-266.

SAVITZ, L & ROSEN, L 1988. The sexuality of prostitutes: Sexual enjoyment reported by "streetwalkers". **The Journal of Sex Research,** 24:200-208.

SHRAGE, L 1994. **Moral dilemmas of feminism: Prostitution, adultery and abortion.** London: Routledge.

SWART, P 1998. Vyf Russe sê hulle is slawe in 'n seksklub. *Rapport,* 29 Maart:32.

THIO, A 1988. **Deviant behavior.** (3de uitgawe) New York: Harper & Row Publishers.

VISSER, ADN 1985. Prostitusie as maaskaplike-patologiese verskynsel in Kaapstad met die klem op hantering daarvan deur die maatskaplike werker en belanghebbende instansies. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch (M tesis).

WET OP BESIGHEDE VAN 1991: Lisensie om 'n besigheid te bedryf. Lisensie-Owerheid van Paarl. 1996.



CamScanner